education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NATIONAL SENIOR CERTIFICATE

## GRAAD 12

## VISUELE KUNSTE V1

## MODEL 2008

## MEMORANDUM

**LEERUITKOMS 4: Visuele Kulturele Studies**
**AS: 1:2:3:4.5**

**PUNTE: 1OO**

**TYD: 3 ure**

**Hierdie memorandum bestaan uit 13 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies noukeuring voordat daar begin merk word.

1. Hierdie eksamen bestaan uit 'n total van **TIEN** vrae. Leerders moet enige **VYF** vrae beantwoord vir 'n total van 100 punte.
2. Dit is **BAIE BELANGRIK** dat voorsiening gemaak word vir die leerder in baie gevalle. Leerders moet krediet ontvang vir die gee van hul eie menings en idees in antwoorde. Krediet moet ook aan laterale denke gegeee word. MAAR dit is ook belangrik dat argumente en stellings goed-beredeneerd is en gemotiveer word deur verwysings na spesifieke faktore.
3. Vrae en onderafdelings moet duidelik en korrek genommer wees.
4. Inligting en kunswerke bespreek in een vraag, mag nie weer krediet kry as dit herhaal word in 'n ander vraag nie, maar kruis-verwysings tussen kunswerke is geldig.
5. Leerders moet name van kunstenaars en titels van elke kunswerk genoem voorsien, waar van toepassing.
6. Leerders mag beide twee-n en drie-dimensionele kunswerke in enige vraag bespreek waar van toepassing.
7. ***Dit moet onthou word dat baie leerders hierdie voorbeelde sal bespreek, terwyl hulle dit nog nooit gesien het nie. Ons kan daarom nie feitelike, akademiese inligting verwag nie. Hulle moet neem uit hul eie ervarings, kulture en interpretasie van kunswerke, binne die konteks van die vraag. Daarom moet merkers buigbaar weesen 'n oop gemoed hê in die merkproses.***

## ALGEMENE INLIGTING VIR MERKERS

- Leerders moet alle vrae in VOLSINNE of PARAGRAWE beantwoord, waar van toepassing. Puntsgewyse antwoorde kan nie volpunte behaal nie.
- Merkers moet verwys na die Visuele Kuns VAG document matriks (p 24) vir 'n gids om die vlak van bereiking te bepaal.

**VRAAG 1 Die opkomende stem van Swart Kuns gedurende die vyftiger en sestiger jare**

Visuele bronne - Peter Clarke, ***Wind waai op die Kaapse Vlaktes***
- Gerard Sekoto ***Geel huise – 'n straat in Sophiatown***

1.1 Leerders moet sorgvuldig beide werke bestudeer om hulle voldoende te kan bespreek en te vergelyk.

- Beide Clarke en Sekoto beeld tonele uit van die nedersettings aan die buitewyke van die stad. Clarke gee 'n uitsig van die Kaapse Vlakte met mense wat sukkel om in die wind wat waai oor die sandduine te beweeg. Sekoto neem die huise waar en die alledaagse aktiwiteite van die mense ens. Albei gee ons 'n kykie in die lewe van arm, minderbevoorregte mense.
- Albei maak gebruik van perspektief – lineêre en atmosferiese perspektief. Leerders kan verwys na spesifieke elemente om te toon dat hulle perspektief verstaan, bv. voorwerpe raak kleiner in die agtergrond, ens.
- In Clark vorm die meisie met die sak die fokuspunt en sy is die grootste vorm en is geplaas in die middel van die skildery. Die lyne van die gras en die skaduwee van haar bene lei die oog na haar. In Sekoto lei die lyne geskep deur die draad en die huise die oog na die binnekant van die skildery; die drie figure vorm die fokusarea.
- Clarke vereenvoudig vorm; dit is algemene vorms en toon nie individuele kenmerke nie, bv. die boksagtige huise, ens. Sekoto het waargeneem en geskilder wat hy sien, bv. die tuin in die voorgrond word stukkies kleur. (10)
- Clarke het stilering gebruik om sy voorwerpe te vereenvoudig, bv. die rimpels van die sand op die duine wat gewaai is word patrone, ens. Sekoto gebruik waarneming om sy gemeenskap mee weer te gee op 'n skilderagtig manier. Leerders kan hul begrip van styl toon deur te verwys na die invloed van die Moderne bewegings.

1.2

- Leerders mag enige werk kies. Punte word toegeken vir redes vir hulle keuse wat op 'n spesifieke skildery van toepassing is. (2)

1.3

Leerders mag enige ander kunstenaar kies wat hulle bestudeer het.
Hulle moet die volgende inligting insluit:

- Naam van die kunstenaar
- Titel van enige werk wat bespreek word
- Relevansie van kunswerk/e tot die vraag, bv. gebruik van kunselemente, beeldgebruik, boodskappe en tegniek (8)

**TOTAAL [20]**

**VRAAG 2 Soeke na 'n Suid-Afrikaanse identiteit seder 1950**

Visuele bronne

- Cecil Skotnes, ***Gesprek***
- Walter Battiss, ***Rotskunstenaars***

2.1 Leerders moet albei werke bestudeer om te kan bespreek hoe 'n Afrika identiteit geskep is in die kunswerke:

- Invloede: San Rotskuns – gebruik van verlengde figure.
- Afrika stamkuns – maskeragtige kwaliteite.
- Vereenvoudiging van vorms.
- Vereenvoudiging van vorms tot basiese vorms.
- Gebrek aan diepte/2dimensionele kwaliteit
- Enige ander geldige inligting wat die leerder voorsien. (5)

2.2 Leerders moet TWEE kunstenaars wat hul kulturele identiteit in hul werk aanspreek bespreek.
Hulle mag enige van die volgende aspekte as 'n gids vir hul antwoord gebruik:

- Inspirasie / invloede – kultuur/simbole/ens.
- Kommunikasie van 'n kulturele identiteit – hoe is dit gebruik in die kunswerk?
- Formele elemente
- The kuns-skeppingsproses – en medium

Leerders mag ook enige ander temas en boodskappe wat deur die kunswerke oorgedra word, insluit. Byvoorbeeld 'n Suid-Afrikaanse kunstenaar mag beïnvloed word deur – gebruik van sterk helder kleure wat ons landskap reflekteer, beeldgebruik en simbole wat verwys na ons verlede/oorsprong/wortels/kukltuur, die tema van die werk, ens. (20)

**TOTAAL [20]**

**VRAAG 3 Kuns en Politiek: "Weerstandskuns" Kuns in die 1970's & 1980's**

Visuele bronne - Jane Alexander, '***The Butcher Boy's (Slagterseuns)***
- Norman Catherine, '***Oorlogshond''***

Leerders moet bespreek en vergelyk hoe die onderdrukkers uitgebeeld word in die visuele bronne.
In die **Butcher Boys** kan die volgende bespreek word:

- Titel – kan na hierdie figure verwys wat die onderdrukkers 'afslag' ('butcher') (fisies en geestelik) en daardeur word hulle self 'afgeslag', d.i. hulle verloor hulle menslikheid; die 'seuns' kan verwys daarna dat hulle geestelik nog nie mans (volwasse) is nie, maar seuns. (Die Engelse term 'boy' is ook gedurende die apartheidsjare gebruik om na swart mense te verwys); deur hulle handelinge word hulle onmenslik soos stukke vleis in 'n slaghuis, ens.
- Dit is 'n lewensgrootte beeld van die menslike figuur met naturalistiese vorm, bv. bene en die hande, maar dit is gekombineer met die regte dierebene en horings. Die gesigte is gedistorteer, bv. Geen ore, monde, met snoete vir neuse
- Die kleur is onnatuurlik – spookagtige figure. Die kontras met die donker bank waarop hulle sit.
- Gladde teksture van die liggame kontrasteer met die rowwe tekstuur van die been
- Die insluiting van die dierelemente (horings, been, snoete, ens.) verwys daarna dat hulle onmenslik word en verdierlik, vanweë hul dade as onderdrukkers.

Enige ander relevante inligting moet gekrediteer word.
In **Oorlogshond** kan die volgende bespreek word:

- Titel – Die hooffiguur in hierdie werk is 'n mengsel van mens en dier (hond) rn dit verwys na die polisie/magsfiguur (die pet). Die figuur skep 'n toneel van vernietiging (oorlog) met al die verminkte liggame rondom dit.
- Dit is 'n swart en wit ets (drukwerk). Daar is 'n duidelike kontras met die donkerder figuur van die hooffiguur teen die ligter agtergrond. Die vorms is gedistorteer en vereenvoudig (die tande, oë)
- Daar is baie verskillende teksture in die werk bv. Die pels op die liggaam, patrone en merke in die agtergrond.
- Die mengsel van mens en dier vewys duidelik na die polisie en ander gesagsfigure wat gedurende die Apartheidsjare beskou is as 'honde'. Sy tong is gesplete soos 'n slang s'n.
- Keuse van medium: ***"The Butcher Boys"*** is meer konfronterend deurdat dit as 'n 3d stuk dit ons ruimte binnedring en ons hulle ruimte binnedring. Die tasbare kwaliteit van die material is weersinwekkend, of trek ons aan om dit 'aan te raak'. Oorlogshond is 'n ets en het sterk swart en wit kontraste. Dit kan geskakel word met koerant spotprente wat soortgelyke beeldgebruik gedurende die Apartheidsjare gebruik

het.

- Enige ander relevante inligting moet gekrediteer word.

Leerdrs kies enige spesifieke werk van enige ander Suid-Afrikaanse kunstenaar wat reageer het op die apartheidstelsel en/of ander kwessies in ons gemeenskap.

- Naam van die kunstenaar
- Titel van die werk wat bespreek is
- Relevansie van die kunswerk/e tot die vraag, d.i. in inhoud, boodskap, beeldgebruik, gebruik van elemente, boodskap en tegniek. (20)

**TOTAAL: [20]**

**VRAAG 4 Kunsvlyt en Toegepaste kuns**

Visuele bronne – Ndebele geïnspireerde mode

- Esther Mahlangu, ***Ongetiteld***
- Esther Mahlangu, ***SA Vorentoe***
- Esther Mahlangu, ***Beskilderde BMW***

-

4.1 (5)

- Debat is oor werkprosesse, gebruik van materiaal en idees.
- Albei kan esteties bevredidgend wees
- Kunsvlyte fokus op die funksionele
- Skone (Hoë) kuns fokus op idees, persoonlike selfuitdrukking van die kunstenaar
- Figuur 4a: Kan gedra word
- Figuur 4b: Skildery – uitgestal op ‘n muur
- Figuur 4c: Sommige mense mag verkies om dit te dra, ander mag dit uitstal
- Figuur 4d: Kan gebruik word, maar ook bewaar word in ‘n museum

4.2 (5)

- Ekonomiese bemagtiging – vroue, benadeelde gemeenskappe
- Werkskepping
- Kulturele toerisme
- Maak mense trots op Suid-Afrika
- Eko-vriendelik (herwinning)
- Laat die handwerk-/vlyttradisie voortbestaan (word produkte)

4.3 Leerders moet enige ander Suid-Afrikaans vlytkunstenaar kies wat hulle bestudeer het. (10)
Die volgende inligting moet ingesluit word:

- Naam van die kunstenaar
- Materiaal en tegniek wat gebruik is
- Voorbeelde van die werk

**TOTAAL [20]**

**VRAAG 5 Kuns & Mag – Monumente / geboue, gedenktekens & kunswerke**

Visuele bronne:
- Herbert Baker, ***Uniegebou***
- Gerhard Moerdyk, ***Voortrekkermonument***
- Helmut Jahn, ***Southern life gebou***
- Helmut Jahn, ***De Beers Gebou***

Leerders moet 'n opstel tussen 2 – 3 bladsye skryf wat na die stelling verwys. Hulle moet debateer/bespreek hoe die mens sekere strukture/geboue gebruik het om sy gevoel van mag of status of beide uit te beeld, deur te verwys na die gegewe visuele bronne of hul eie keuse van voorbeelde.

Die strukture mag godsdienstig, geestelik, ter herdenking, polities. Korporatief, ens. Wees.

Leerders moet in staat wees om aan te dui hoe die gevoel van mag of status uitgedruk is deur;
- Die ontwerp van die gebou/struktuur.
- Die gebruik van boumateriale, styl, grootte, terrain, grootte of oorheersing van die landskap/stadsuitsig.
- Die doel
- Die funksie
- Die gebruik van dekoratiewe elemente wat iewers op die struktuur verskyn het om die boodskap te versterk. Dit kan in die vorm van relief-beeldhouwerk, muurskilderye, mosaïekwerk, letterwerk, ens. Wees.

Leerders moet ook hul eie reaksie op die voorbeelde gee met genoegsame stawing.

**TOTAAL: [20]**

**VRAAG 6 Rol van die Formele en Informele Kunssentrums**

Visuele bronne: - Dan Rakgoathe, ***Raad van Bemoediging***
- Cyprian Shilakoe, ***Kom ons wag tot hulle kom***

6.1 Leerders moet noukeurig kyk na *albei* werke wat verskaf is om die gebruik van elemente, tegniek en die stemming wat geskep is te bespreek en vergelyk.

- Rakgoathe maak gebruik van sensitiewe wit en swart lyne vanweë die linosneeproses. Lyn laat hom ook toe om ‘n interessante patroon te skep in sekere dele wat kontrasteer met die soliede swart fatsoene van die figure. Die gebruik van positiewe en negatiewe vorms is baie sterk in die werke van albei kunstenaars.

- Shilakoe skep ‘n stemmingskomposisie deur middel van sy interessante variasie van toonwaardes wat hy in sy werk skep. Die donker gesig aan die linkerkant van die komposisie kontrasteer baie met die ligter agtergrond. Die doelbewuste gebruik van distorsie om vreemde, naïewe figure met groot, starende onskuldige oë te skep. (8)

6.2 Leerders moet die werk van enige TWEE kunstenaars wat by Rorke’s Drifr, Pollystraat of Nyanga kunssentrum opleiding ontvang het bespreek en analiseer. Hulle moet ook die belangrike rol aandui wat die sentrums in die opleiding van swart kunstenaars ges[peel het.

- Vir ie eerste 50 jaar van die 20 ste eeu was daar geen kunsskole of opleidingssentrums wat swart kunstenaars kon bywoon nie. Kunstenaars wat ‘n lewe gemaak het uit hulle kuns het hulle hoofsaaklik self geleer. Die eerste belangrike kunssentrum wat vir die swart gemeenskap tot stand gebring is, is die Pollystraat Sentrum, later die Jubilee Kunssentreum genoem.

- <u>Die belangrikheid van Pollystraat in die geskiedenis van Suid-Afrikaanse kuns</u>
    - Dit was van hierdie sentrum dat die eerste generasie swart proffesionele kunstenaars gekom het.
    - Die “Township”-skool het tot stand gekom omdat baie kunstenaars op so manier beginwerk het.
    - Die kuns wat in Suid-Afrika deur wit en swart kunstenaars gemaak is, het in Afrika gewortel geraak, eerder as om die Europese tradisie te volg.

- <u>Rorke’s Drift</u>: Die doelwit was om die unieke kunserfenis van Afrika te beskerm, en om hierdie erfenis uit te brei met sy nuwe invloed sodat dit sy regmatige plek kon inneem in die ontwikkelende en veranderende gemeenskap.
- Die sentrum het ook ten doel gehad om saam met die veranderende gemeenskap te ontwikkel, om die invloed van die opleiding uit te brei

en om toenemende winsgewende markte te vind vir die werk wat sou help om die lewenstandaard van die plaaslike swart mense te verhoog deur hulle ‘n werk en inkomste te bied.

- Leerders kies werk van enige kunstenaar wat by een van hierdie sentrums gestudeer het. In hulle bespreking moet hulle die volgende inligting weergee:
- Naam van die kunstenaar
- Titel van die werk/e wat bespreek word
- Relevansie van die kunswerke tot die vraag, d.i. inhoud, boodskap beeldgebruik, gebruik van kunselemente, boodskap en tegniek (12)

**TOTAAL: [20]**

**VRAAG 7 Multi Media**

Visuele bronne - Jan Van der Merwe, ***Wag***

7.1 Leerders moet die belangrikheid van die gebruik van ROES bespreek in die werk sowel as die skakel met die titel van die uitstalling nl. *Die Argeologie van tyd*.

Leerders reageer op wat die woord roes beteken/impliseer

- Aangeslaan/bevlek
- Bedorwe weggegooide voorwerp
- Ongewoon/ongewens
- Tasbare korsagtig oppervlaktekstuur
- Foutief
- Donker/beskadig
- Oud
- Verbygaande/Tyd
- Transformeer van nuut na oud
- Kors
- Delikaat/bros/breekbaar/kwesbaar
- Vel

Die werk stel voor dat tyd verby gaan, om te wag vir iets om te gebeur wat nooit gebeur nie. Die voorwerpe is oud en tog broos, wat skakel met wat die woord Argeologie – die opgrawing / delf in die verlede in om inligting te verkry.Dit is asof tyd stil staan of mens verby gegaan het. Die ongebruikte trourok wat op die bed oopgesprei is, is ‘n droewige herinnering aan iemand wat agtergelaat of vegeet is. ‘n Soldaat wat nie van die oorlog af teuggekeer het nie. Die klere wat in die hangkas hang en omring is met lemmetjiesdraad verwys na ‘n gevange situasie – of in die konsentrasiekamp of in gevangenisskap as gevolg van armoede of sosiale probleme. Die roes skep weliswaar ‘n wonderllike patina op die oppervlak van die objekte in die werk. Die kleur is ryk en warm en verenig al die stukke van die werk asof hulle gebalsem is in ‘n historiese kors. (10)

7.2 Leerders moet die werk bespreek van enige ander kunstenaar wat hulle bestudeer het wat alternatiewe media en tegnieke gebruik het. Leerders mag selekteer van die lys wat verskaf is of enige ander wat hulle voel van

toepassing is. Hulle moet insluit:

- Naam van die kunstenaar
- Titel van die werk/e bespreek
- Relevansie van die werk/e tot die vraag, bv. Inhoud, boodskap, beeldgebruik, gebruik van elemente, boodskap en tegniek. (10)

**TOTAAL: [20]**

**QUESTION 8 Art & the spiritual realm**

Visuele bronne - Wim Botha, ***Kommune – Ophanging van ongeloof***
- Jackson Hlungwane, ***God en Christus***
- Peter Schütz, ***Durban ikoon***

8.1 Die gebruik van die Bybel en Bybeltekste werk op baie vlakke:

- Dit vorm 'n skakel tussen die godsdienstige 'woord' en die godsdienstige 'beeld'. (kruisiging)
- Dit konfronteer 'n siening omtrent die gebruik daarvan:
  - Die nuwigheid om 'n godsdienstige item/s as kunsmateriaal te gebruik.
  - Dis heiligskennis om 'n Bybel te skend.
- Telefoonboeke kon gebruik gewees het om die vorm van die beeld mee te skep, *maar* dit sou net papier/'n bestanddeel gewees het en met geen godsdienstige verband nie. (3)

8.2 Leerders moet die twee werke (Figuur 8b en 8c) vergelyk en bespreek En besluit met watter een van die twee hulle meer identifiseer as 'n godsdienstige/geestelike stuk

<u>Hlungwane "God en Christus" 1990.</u>

- Hy druk sy eie godsdienstige wêreld uit
- Hy het die stuk gekerf uit tradisionele beeldhoumateriaal en gebruik gemaak van tradisionele beeldhoutegnieke
- Hy maak gebruik van doelbewuste verwringing/abstraksie om sy eie persoonlike interpretasie van die onderwerp oor te dra.
- Hout is onafgewerk gelaat met ruwe tekstuur

<u>Peter Schütz "Durban Ikoon".</u>

- Hy maak gebruik van houtkerfwerk, maar het ook sekere dele van die beeld geverf.
- Die figuur is makliker om te identifiseer omdat dit meer voorstellend is
- Dit is 'n trotse en edel houding – beeld 'n gevoel van spiritualiteit uit
- Die titel mag die toeskouer verwar – is dit godsdienstig of nie – hy gee leidrade. Aan die eenkant is die houding, kleed en septer 'n aanduiding dat dit 'n priester is, maar die 'riksja'-hooftooisel dui op iets anders. Tog dui die goud geverfde hooftooisel op 'n stralekrans.
- Die godsdienstige septer in elke hand kan ook geïnterpreteer word as die voorvaderlike regalia wat deur Zoeloe mans gebruik word, of die spookasem/roomyshorings vorms gekoop by die Durbanse waterfront.

- Die figuur dra 'n lang vloeiende kleed soortgelyk aan die wat in sommige kerke gedra word (5)
- Die kontras tussen ligte hout en donker vel skep ook visuele interessantheid.

8.3 Leerders moet die werk/e van enige ander kunstenaar bespreek wat hul bestudeer het en wie se werk ook 'n sterk godsdienstige/geestelike boodskap kommunikeer. Hulle moet insluit (12)
- Naam van die kunstenaar en title/s van werke
- Medium gebruik
- Boodskap/inhoud van die werk

**TOTAAL: [20]**

**VRAAG 9 Geslagkwessies in SA kuns**

Visuele bronne

- ***Advertensie***
- Allen Jones, ***Tafel en Meisie stoel***
- Lisa Brice, ***Sekskat Goedkoop, Goedkoop***
- Lisa Brice, ***Wat is 'n huis sonder 'n gewapende moeder?***

9.1

- Die advertensie gebruik die beeld van 'n bruid, iets waarna jong meisies in dioe meeste gemeenskappe na streef. Die bruid in haar wit (maagdelike) uitrusting word deur die bruidegom in swart beskerm. Die beeld dra die idée oor dat die perfuum hierdie gevoelens sal herskep – die vrou beskerm te laat voel, gelukkig, ens.
- Al die beelde handel oor stereotypes. Die glimlaggende bruid wat op haar man leun (Figuur 9a), die sekspop wat die man moet bedien (figure 9b), die verleidster (Figuur 9c) en die hardwerkende huisvrou (Figuur 9d).
- In ***Sekskat Goedkoop, Goedkoop*** kan die volgende bespreek word:
    - Die eerste deel van die title verwys na haar houding – op haar knieë in 'n tipiese prikkelpop posisie.
    - Die ***Goedkoop Goedkoop*** verwys na geld. Kopieë van geldnote (die dollar noot, ens.) is gebruik om die figuur te jkonstyrueer. Dit kan verwys na die geld betrokke in die seksindustrie en spesifiek, prostitusie. Vroue soos hierdie het geen keuse nie en moet hulle liggame verkoop om te oorleef.
    - Die uitgesnyde vorm plaas die focus TOTAAL op die vrou. Beklemtoning van seksuele dele – oop lippe, borste, oop bene ens.

- In ***Wat is 'n huis…*** kan die volgende bespreek word:
    - Die title verwys na die ou gesegde van 'Wat is 'n huis sonder 'n moeder'.
    - Die figuur is bedek met linoleum en word uitgebeeld waar sy 'n vloer was. Tradisioneel is linoleum gebruik vir kombuisvloere.
    - Sy is onderskikkend.
    - Die ***…sonder 'n gewapende moeder***, verwys dat sy bereid is om haar kinders te beskerm, maar ook in die algemeen na die Suid-Afrikaanse konteks.

- Enige ander relevante idees wat direk op die werke van toepassing is, kan oorweeg word. (12)

9.2 Leerders moet een spesifieke werk deur enige kunstenaar bespreek wat feministiese/vroue kwessies of enige ander kwessie i.v.m. geslag aanspreek.
Die volgende moet ingesluit word:
- Naam van die kunstenaar en title van die kunswerk
- Kort beskrywing van die kunswerk, veral as dit van ‘n meer konseptuele aard is
- Analiseer die werk t.o.v. die kunselemente
- Verwys hoe bogenoemde help om ‘n spesifieke kwessie uit te beeld t.o.v. geslag deur die inhoud en boodskap van die werk te bespreek. (8)

**TOTAAL: [20]**

**VRAAG 10 Kontemporêre Argitektuur in Suid-Afrika**

Visuele bronne
- ‘n Tipiese Suid-Afrikaanse staduitsig

10.1 Leerders gee hul eie mening:

Stem saam: Verwys na spore van bv. Barok, internasionale styl, Modernisme, Laat/Post-Modernisme, Toskaans, balinees, Tudor, ens.

Verskil: Hulle kan voel dat die meeste argitekte ‘n Afrika element in hul werk ingesluit het deur die
- gebruik van inheemse materiale
- inheemse versierings (eenvoudige geometriese vorms, sterk kleur en aardse tone)
- klimaat en omgewing in ag te neem: groot vensters, front noord

(3)

10.2 Leerders gee hul eie mening waarom dit belangrik is vir ons argitektuur om ‘n duidelike onderskeibare Suid-Afrikaanse styl te reflekteer, bv. om by ons unieke klimaat / landskap / culture aan te pas, trots SA, om die talent en kreatiwiteit van Suid-Afrikaanse argitekte te reflekteer. (3)

10.3 Leerders gee hul eie mening. Ken punte toe vir die uitdagings wat argitekte in die gesig staar wanneer hulle ‘n gebou ontwerp, bv. Grootte, koste, materiale, konstruksie, area, styl, omgewing, klimaat, uitdagings op die terrain soos opgrawings, ens. (4)

10.4 Leerders moet EEN voorbeeld bespreek wat hulle voel ons Suid-Afrikaanse kultuur/identiteit/behoeftes suksesvol weergee.
Dit kan gedoen word deur ‘n bespreking van:
- ontwerp
- materiale
- gebruik van terrain
- boutegnieke
- konstruksie
- afwerking

Leerders moet die naam van die argitek en gebou voorsien.
Gee punte vir:

- Naam van argitek
  Name van maksimum TWEE geboue

**TOTAAL: [20]**

Kopiereg voorbehou